ELDIE nuus news
ELDORAIGNE
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE
Julie / July 2023

# WORLD CHOCOLATE DAY 7 July 2023

## REASONS TO EAT DARK CHOCOLATE ON A DAILY BASIS

1.It's an antioxidant: it is loaded with organic compounds that are biologically active and functions as anti-oxidants.
2.Keeps your heart healthy: It can reduce the risk of heart disease by 50%
3.Boosts brain power: It can improve brain function: eating high flavanol cocoa for 5 days improved blood flow to the brain
4.It is loaded with fibres and fatty acids and minerals like iron, magnesium and zink.
5.It can lower blood pressure: substances called flavanols in cocoa works like blood pressure-lowering drugs called ACE inhibitors
6.It may be used as an anti-inflammatory
7.Makes you feel good: It can improve your mood and make you calmer and happier.
8.It can help you with your workout
9.It may help you reduce your food cravings and keeps you slim
10.It may help reduce fatigue
11.Prevents liver damage and boosts "good cholesterol"
12. Makes you a genius (maybe..)

(From Dr Google)

Indien jy nie glo aan Dr Google se raad nie, koop dan maar gewone melksjokolade vir jou geliefde (of buurvrou)

## PRIVAAT WERKERS: NAAMPLAATJIES

Naamplaatjies (met foto's) is aan alle private huis-en tuinwerkers, asook aan tuisversorgers uitgereik ten einde alle private werkers in die landgoed te kan identifiseer. Daar word bemerk dat van die bogemelde werkers nie altyd hierdie naamplaatjies sigbaar dra nie.

Alle inwoners word asseblief versoek om toe te sien dat hulle werkers hul naamplaatjies te alle tye dra. Indien 'n werker nie sy/haar naamplaatjie by die hoofhek kan vertoon nie, sal toegang voortaan geweier word.( Die nodige kennisgewing is ook by die voetgangerhek aangebring).

Indien daar moontlik nog werkers is aan wie daar nog nie naamplaatjies uitgereik is nie, word sodanige inwoners versoek om Ontvangs so spoedig moontlik te kontak.

## PRIVATE WORKERS: NAME TAGS

Name tags (with photos) have been issued to all private home- and garden workers, as well as care givers, in order to identify all private workers in the estate.  It is noted that some of the abovementioned workers do not always wear these name tags visibly.

All residents are kindly requested to ensure that their workers wear their name tags at all times. If a worker is unable to display his/her name tag at the main gate, access will be denied in future. (The necessary notice has also been placed at the pedestrian gate)

If there are still workers to whom name tags have not yet been issued, such residents are requested to contact Reception as soon as possible.

## PAINTING OF UNITS

The colour codes for the original paintwork done by the developer on units, with supplier Prominent Paints, are as follows:

| | |
|---|---|
| Ceilings | Promodek |
| Barge Boards | Roof paint (S3010Y30R) |
| Flats outside | Texture Eldo HD Green 37/12/Y10R |
| Flats/house inside | Trade L/S Kid Glove |
| Flats passage walls | Stoneware |
| Flats doors | Medium Sheen Rich Praline |
| Flats doors inside | Ultra Gloss White |
| Houses outside | Textured Cotton Duck |
| Houses outside | Textured Indian Ink |
| Houses outside | Textured Thoroughbred |
| Houses Doors | Ultra Gloss (S3010-Y30R) 2 shades darker |

The outside of a unit is the responsibility of the HOA. Please contact reception if there is a need for outside paintwork. Maintenance will inspect and do follow-up. Owners are free to paint inside the unit the colour of their choice

## NEW GARDEN SERVICES PROVIDER

**The Garden Group** is the new service provider who will take over the garden service contract from 1st July 2023, from TopTurf.

All services regarding gardens and refuse removal remain exactly the same.

These services are summarised as follows:

-The estate is divided in 4 blocks (see notice board)

-Each block is linked to a specific day of the week, Monday to Thursday. Friday is a general work day not linked to a specific block. It can be used for group work or as a catch-up day if a block was missed during the week, due to bad weather or a public holiday.

-The garden workers, as well as the grass cutting team, will concentrate as a group on the block that is allocated for the day.

-Refuse removal from the houses will still be done on Tuesdays and Fridays (black bags). Removal of garden refuse (green bag) and recycling material (clear bag) will still be done on Tuesdays.

**Residents are requested to be patient during the takeover and not to interfere with the garden workers or the garden work.**

## TUINSAKE

1.Vereistes rakende tuinuitleg en aanplantings in ooreenstemming met die "Dolomite Risk Management Programme", versekeringsvereistes en gedragsreëls:

-**Blombeddings teenaan strukture**: Geen blombeddings word teenaan enige muur toegelaat nie. Blombeddings moet ten minste 400mm weg van enige muur wees. Bestaande struike/plante moet óf verwyder word, óf vierkantige sementblokke (400mm) óf rotsklippies (pebbles) met plastiek (400 mm wyd) en riviersand daaronder, moet so langs die muur geplaas word dat die water kan wegvloei van die muur af. Alternatiewelik moet die blombedding met grond gevul word en dieselfde gras (Cynodon Dactylon) moet geplant word waar die blombedding was.

-**Potplante op gras**: Geen potte mag direk op gras geplaas word nie. Sementblokke met 'n minimum grootte van 400mm x 400mm, moet onder die potte geplaas word. Potplante naby strukture, moet op sementblokke teenaan sodanige struktuur geplaas word om te voorkom dat daar 'n smal strook gras tussen die pot en die struktuur is.

-**Plante teenaan plastiekpaal-heinings**: Geen struike/doringbosse ens, moet toegelaat word om teenaan/oor die bokant van die plastiekpaal-heinings te groei nie. Struike moet behoorlik gesnoei word.

-**Hout- of staalstrukture teenaan mure:** Geen strukture waarteen plante kan rank, mag aan enige muur of plastiekpaal-heining geheg word nie. Geen rankplante teen strukture en heinings word toegelaat nie.

-**Bome naby mure**: Geen bome of groot struike mag nader as 1,5 meter van enige muur of struktuur geplant word nie. Bestaande bome moet óf verwyder word, óf behoorlik teruggesnoei word. (Dit is om te voorkom dat die geute verstop)

-**Oormatige aantal potte**: Die aantal potte by 'n eenheid wat van die straat af sigbaar is, moet beperk word. (Die aantal potte by 'n eenheid sal bepaal word met inagneming van die estetiese voorkoms, sowel as die grootte van die potte) Geen potte mag tussen eenhede of op enige muur buite eenhede geplaas word nie. Dit is om te voorkom dat water in die muur insyfer.

2.Skriftelike goedkeuring moet verkry word vir enige veranderings, plasings of modifikasies aan die gedeelte buite u eenheid, wat as gemeenskaplike area beskou word. Aansoekvorms is beskikbaar by Ontvangs.

## GARDEN MATTERS

1.Requirements regarding garden layout and planting in accordance with the Dolomite Risk Management Programme, insurance requirements and conduct rules:

**-Flower beds against structures**: No flower beds are allowed next to any wall. Flower beds must at least be 400 mm away from any wall. Existing shrubs/plants must either be removed or square concrete blocks (400 mm) or rock pebbles with plastic (400 mm wide) and river sand underneath, must be placed against the wall in such a way that water flow away from these walls. Alternatively, the flower bed must be filled with soil and the same grass (Cynodon Dactylon) must be planted where the flower bed was.

**-Pot plants on grass**: No pots may be placed directly on grass. Concrete blocks, minimum size of 400 mm x 400 mm, must be placed underneath the pots. Pots near structures, should be placed on concrete blocks against the structure to avoid narrow strips of grass between the pot and the relevant structure.

-**Shrubs against picket fencing**: No shrubs/thorny bushes etc. should be allowed to grow against/over the top of the picket fence. Shrubs must be properly trimmed.

-**Wooden or steel structures against walls**: No structure against which plants can climb/creep may be attached to any wall or picket fence. No creeping plants against structures and fences are allowed.

-**Trees close to walls:** No trees or large shrubs may be planted within 1,5 metres from any wall or structure. Existing trees must either be removed or cut back. (This is to prevent blockage of the gutters)

**-Excessive number of pots**: The number of pots at a unit visible from the street, must be limited. (The number of pots at a unit will be determined taking into account the aesthetic appearance, as well the size of the pots.) No pots may be placed between units or on any wall outside units. This is to prevent water seeping into the wall.

2. Written approval must be obtained for any changes, placements and/or modifications at the portion outside your unit, which is regarded as common area. Application forms are available at Reception.

(From the Office)

Elmarie, Bettie van 3150, se dogter wat in Swede woon, het haar ma bederf met 'n Sweedse tee op haar 92ste verjaardag. Heerlike Sweedse koek en lekkernye is voorgesit aan haar vriendinne wat dit bygewoon het.













Blok 13 van Jackie Evers, het gesellig onder die koeltebome in Bosduifpark saam gekuier. Nuwe intrekkers Walter en Henta Blackbeard is verwelkom met heerlike vrugteslaai, roomys en koffie.







Charlotte (190) se gesellige sop- en sjerrie groep van Tiptolstraat







Elsje van 1022 vier haar verjaardag saam met 'n paar vriendinne





## KERKDIENSTE /CHURCH SERVICES 2023: TWEEDE DEEL VAN DIE JAAR

Church services will be held every Wednesday in the Hall at 09h30. There will be no services during school holidays or on a public holiday

Kerkdienste sal plaasvind elke Woensdag in die saal om 09h30. Daar sal geen dienste wees tydens skoolvakansies en op publieke vakansiedae nie.

| Date/ Datum | Gemeente/ Congregation | Prediker/Preacher | Taal/ Language |
|---|---|---|---|
| 19 Julie | Herv kerk Eldoraigne | Adriaan Roets | Afr |
| 26 Julie | West View Methodist | Damian O'Grady | Eng |
| 2 Aug | NG Raslouw | Francois Esterhuizen | Afr |
| 16 Aug | Centurion West Presb | Wayne v Heerden | Eng |
| 23 Aug | Eldoraigne Familiekerk | Christiaan Ackerman | Afr |
| 30 Aug | Neos Gemeente | Ralph Du Toit | Afr |
| 06 Sept | West View Methodist | Siphiwe Madi | Eng |
| 13 Sept | Herv kerk Eldoraigne | Adriaan Roets | Afr |
| 20 Sept | West View Methodist | Damian O'Grady | Eng |
| 27 Sept | Centurion West Presb | Wayne v Heerden | Eng |
| 11 Okt | NG Raslouw | Francois Esterhuizen | Afr |
| 18 Okt | Eldoraigne Familiekerk | Christiaan Ackerman | Afr |
| 25 Okt | Neos Gemeente | Ralph du Toit | Afr |
| 01 Nov | West View Methodist | Alvean Jacobs | Eng |
| 08 Nov | Herv kerk Eldoraigne | Adriaan Roets | Afr |
| 15 Nov | West View Methodist | Damian O'Grady | Eng |
| 22 Nov | Eldoraigne Familiekerk | Christiaan Ackerman | Afr |
| 29 Nov | Centurion West Presb | Wayne v Heerden | Eng |
| 06 Des | NG Raslouw | Francois Esterhuizen | Afr |

Inwoners word uitgenooi om gebruik te maak van die geleentheid om na die Woord van God te luister-hier by die Landgoed.

## SONKRAG SLAGGATE

Besighede wat sonkrag-installasies doen, spring nou soos paddastoele op. Verskeie mense het nou al 'n dure les geleer omdat hulle 'n paar rand wou spaar deur goedkoper dienste te gebruik. Slegs 'n gekwalifiseerde elektrisiën mag die aansluitings by 'n distribusiekas doen en nie jou handige buurman of tuinwerker wat weet hoe om 'n elektriese koord te herstel nie.
'n Gekwalifiseerde elektrisiën weet dat die huis se be-aarding nie omseil moet word nie; of dat die bedrading nie te dun moet wees nie; of dat daar genoeg stroombrekers moet wees.

Let hierna op wanneer jy sonpanele laat installeer:
-**Sertifisering:** Kyk of die installeerder geakkrediteer is. Dit is belangrik dat hulle opgelei is en sertifikate het.
-**Ondervinding**: Goeie ervaring is 'n eienskap van 'n goeie installeerder. Vra hoe lank hulle in die bedryf is, of vir hoe lank hulle al sonpanele installeer.
-**Omkeertyd**: Hoe lank gaan dit hulle neem om die stelsel te installeer? Dit is onmoontlik vir 'n installeerder om die geskiktheid van sonpanele vas te stel sonder dat hulle jou huis besoek en voorstelle maak oor hoe jy energie kan bespaar.
-**Waarborge**: Om na sonkrag om te skakel kan taamlik duur wees. Vra die installeerder watter waarborge op die toerusting bestaan. Die meeste panele het 'n 20 jaar-waarborg, terwyl wisselrigters waarborge het van 10, 12, 15, 20 en selfs 25 jaar. Die meeste installeerders bied 'n eenjaar-waarborg op vakmanskap.

Die volgende stappe geld hier by Eldoraigne Aftree Landgoed wanneer 'n eienaar besluit om 'n sonkragstelsel by sy huis te laat installeer:
-Voltooi 'n aansoekvorm wat by ontvangs beskikbaar is.
-Kry 'n kwotasie vir jou beoogde sonkrag-installasie by 'n installeerder.
-Handig die voltooide aansoekvorm saam met die kwotasie by ontvangs in.
-Skriftelike goedkeuring sal deur Bestuur aan jou uitgereik word.
-Slegs daarna kan jy voortgaan met installering.
-Na installering moet jy 'n COC (Certificate of Compliance) (nakomingsertifikaat) ook by ontvangs inhandig.

(Gedeeltelik uit Rapport)

## NUWE INTREKKERS

U word hartlik verwelkom deur die HEV hier by ons pragtige Landgoed. Alle riglyne en prosedures is vervat in die Leefstylgids. Daar is ook 'n 32-bladsye A5 boekie beskikbaar by blokleiers tov praktiese aangeleenthede wat nie in die huidige Leefstylgids is nie

11 Cor en Rita van Vliet
42 Elize Bailey
195 Kas en Marie vd Walt
216 Salie en Marthi Kriel

Welcome to new residents. Enjoy your stay.

## KERMIS 9 SEPTEMBER 09h00-13h00 by die braai-area, in die saal en eetsaal, sitkamer en buite onder die motor afdakke

**Skryf solank hierdie datum in jou dagboek**

Pannekoek, Kerrie en rys, koek en tee, 'n gebak-tafel, heerlike poedings, verskeie uitstallers en stalletjies. Kom verkeer sosiaal, leer die nuwe intrekkers ken en verlustig jou in die nuwe lente.

## TUINSAKE:BOME

Tot verdere kennisgewing sal die aanplant van nuwe bome nie goedgekeur word nie. Die spasie by wooneenhede is te klein en dit is moeilik om bome in bedwang te hou. Groot bome naby strukture skep 'n risiko ten opsigte van versekering.

Until further notice, the planting of new trees will not be approved. The space at housing units is too small and it is difficult to contain trees. Large trees near structures create an insurance risk.

## DOGS ON COMMON PROPERTY

It is the responsibility of dog-owners to ensure that all litter caused by your dog is removed from the common property immediately. Please do not collect the dog poo and just throw it in the nearest flowerbed.
Dit is die verantwoordelikheid van honde-eienaars om onmiddellik agter hulle honde skoon te maak en die mis van die gemeenskaplike area te verwyder. Moet asb dan nie die hondemis in die naaste blombedding gooi nie.

## INSPIRASIE: DUISTERNIS WYK VOOR DIE LIG

Van vroeg tot laat hoor ons verhale van korrupsie op alle vlakke in ons land. Dit laat ons stil-stom, woedend en verward. Hoe is dit moontlik, wonder ons almal. Feit is, dit kom ten minste nog aan die lig omdat baie individue die moed het om dit rugbaar te maak.

Nog altyd is daar mense wat nie skrik vir die duisternis nie. Nog altyd is daar profetiese stemme wat die Here se lig helder laat skyn. Jesus het gesệ niks wat in die donker gedoen word, kan vir altyd in die donker bly nie. Daarom moet ons aanhou bid dat die Here se lig in ons land sal deurbreek.

Maar in diesefde asem moet ons vir Hom dankie sệ vir elkeen wat die moed het om sulke fluitjies te blaas en wat hul eie lewe waag om op te staan vir die waarheid. Kom ons bid vir hulle beskerming.

(Stephan Joubert)



TO LET
**1 Bed** Apartments from **R7 400 p/m**
Stella Cloete
072 459 2230

FOR SALE
**1 Bed** Apartments from **R995 000**
Ruan Erasmus
071 481 6199

What our **retirement villages** can *offer you*:
24-Hour Care Center
Transportation Service
Medical Consulting Rooms
24-Hour Security Services

CSi Sales Rentals Property Management
Trustworthy Property Solutions
*Registered with the PPRA

011 805 6316
www.csi-euf.co.za